Subject: 18 vrae oor die Doop - deur Eben Swart

Groetnis in Afrikaans!

Agv die groot aantal navrae wat ek oor die Doop-kwessie ontvang, het ek die artikel hieronder saamgestel.
Ek hoop dit bring klarigheid te midde van 'n absolute warboel van doktrines oor hierdie belangrike kwessie.
Ek het probeer om dit so bondig as moontlik te hou, hoewel dit steeds 'n langerige artikel is.
Hierdie is die Afrikaanse weergawe van 'n vroeëre Engelse artikel deur ons gepubliseer.
Ons wil dit so spoedig moontlik ook op ons webblad www.trumpetcall.co.za beskikbaar stel.
Geniet dit!

Eben Swart

Kinderdoop

'n Liefdesbrief aan dié wat as babas "gedoop" is, sowel as ouers wat hul babas laat "doop" het.

deur Eben Swart, Kaapstad
Trumpet Call
www.trumpetcall.co.za

Liewe medegelowige

Ek het in 'n Christenhuis grootgeword, en is as baba gedoop.
Op 12-jarige ouderdom het ek tot bekering gekom, en tot vandag toe (ek is in my middel veertigs) het ek nog nooit 'n sigaret gerook nie, was nog nooit dronk nie, het nog nooit dwelms gebruik nie, het in 1989 as maagd met my vrou getrou, twee keer per week kerk toe gegaan, in die kerkkoor gesing en was die jongste ouderling op die Kerkraad (ek was 26) en die eerste sendeling ooit vanaf my gemeente.
Modelchristen, né?
My kerk het nie so gedink nie. In 1994 het dieselfde gemeente my onder tug geplaas.

Waaroor?

Omdat ek en my vrou ons in 1993 laat grootdoop het.

Met die gevolg dat ek en my gesin vir die volgende jaar in daardie gemeente voortgeploeter het. Ons is verbied om ons onderskeie geestelike gawes in die gemeente aan te wend (dit was die tugbepaling). Ek moes bedank vanaf die Kerkraad en my vrou moes ophou stories lees vir die 3-jariges by die Sondagskool. Ons is gedwing om passiewe Christene te word. Ná 'n jaar het ons besef ons geloof is besig om skade te ly, en besluit om te skuif.
Terugskouend (ná meer as 12 jaar) was dit die beste ding wat toe met ons kon gebeur het. Ons het soveel blootstelling gekry aan 'n soveel breër spektrum van God se fasette dat ons in die afgelope 12 jaar meer geleer het as in die hele 33 vorige jaar van ons lewens in daardie denominasie!
Sover ek bewus is, het ek intussen die hele episode emosioneel verwerk, en wie ookal vergewe moes word, deur en deur in Jesus Naam vergewe.

Die blote rede dat jy hierdie artikel lees, beteken waarskynlik dat jy met presies dieselfde vrae stoei as ek destyds.

Ek sal poog om daardie vrae so duidelik en reguit as moontlik te beantwoord. As 'n paar heilige koeie in die proses in die slag bly, is dit nie omdat ek my destydse kerk haat, wraak soek of veroordelend wil wees nie.
Ek het die laaste klompie jare SO baie navrae oor hierdie enkele kwessie ontvang dat ek besef het dat net helder, reguit antwoorde letterlik honderde (indien nie duisende nie) se behoefte aan die waarheid sal bevredig.

So hier gaan ons:
1. As ek dan alreeds as baba gedoop is, hoekom sê mense dat ek nou wéér as volwassene gedoop moet word?

Omdat die kinderdoop geen doop is nie.

Dis 'n heidense gebruik wat 17 eeue gelede in die Rooms-Katolieke Kerk ingevoer is. Konstantyn die Grote (Romeinse Keiser) het toe die Christelike geloof as die Staatsgodsdiens verklaar. Alle Romeinse burgers móés Christene word. Paganisme (Heidendom) is onwettig verklaar, die heidense tempels is toegemaak en die heidene is in die Roomse Kerk opgeneem. Maar dié het hul heidense gebruike en beskouïnge saamgebring – wat kort voor lank die Staatskerk binnegedring het – die geboorte van die Rooms-Katolieke Kerk soos ons hom vandag ken.

Tydens die Reformasie van die 1500's het Protestante (volgelinge van Martin Luther) hierdie doopgebruik onveranderd vanaf die Roomse Kerk oorgeneem, en later leerstellinge ontwikkel om dit te regverdig. Hierdie doktrines vorm deel van wat vandag as "Verbondsteologie" bekend staan.

Jy is dus nog nooit gedoop nie. Jy is sonder jou toestemming onderwerp aan ‘n heidense ritueel.

2. Maar my Kerkleiers sou tog sekerlik weet as dit wél ‘n heidense ritueel is. Hulle sal nooit so iets toelaat nie!

Afhangende van in watter Kerk jy jou bevind, is dit nie die enigste heidense gebruik waarvan jou Kerkleiers nie weet nie. Is jy bv. bewus van die feit dat die meeste ander “Kerkkalender-items” soos Kersfees, Paasfees, Valentynsdag, Lent en Halloween ook heidense feesdae is wat in die Kerk ingevoer is?
Dit mag jou dalk skok! En jy is nie die enigste een nie. Ek was self geskok toe ek dit die eerste keer verneem het en die feite nagegaan het! Dit het my lank geneem om emosioneel hierdeur te werk.

Pastore en predikante eggo bloot vanaf preekstoele dít wat hulle in die Kweek- of Bybelskool geleer is. Ek het nog nooit ‘n gegradueerde uit ‘n Gereformeerde Kweekskool sien uitstap, oortuig van Baptiste-leerstellings nie; en omgekeerd: Ek het nog nooit ‘n gegradueerde uit ‘n Baptiste-Bybelskool sien uitstap, oortuig van Gereformeerde leerstellings nie.
Waarvan ‘n pastoor of predikant ookal oortuig is ná sy studies, is nie ‘n funksie van die WAARHEID nie. Dis eerder ‘n funksie van INDOKTRINASIE. Beide kampe gebruik dieselfde Bybel om hul onderskeie standpunte te regverdig.
Wat ookal pastore en predikante glo, is nie ‘n funksie van WAARHEID nie. Dis gewoon ‘n funksie van WATTER INSTANSIE hulle kies om aan te gaan studeer – nog lank voordat hulle dié dinge glo waarvoor hulle later bereid is om hul koppe op ‘n blok te sit.

3. Maar kan die twee kampe nie maar net saamleef nie? Kan dié wat babas wil doop nie maar net die Kinderdoop toepas, en dié wat gelowiges wil doop, maar net die Gelowige Doop (grootdoop) nie?

Nee, hulle kan nie.
Doodeenvoudig omdat die twee standpunte onversoenbaar is. En daar kan nie twee soorte doop wees nie. Die Bybel meld net één:

Daar is net één liggaam en net één Gees,
soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het.
*Daar is net één Here, één geloof, **één doop** …*
(Ef. 4:4 – 5)

4. So wie is nou reg? Albei kampe regverdig hul standpunte met dieselfde Bybel!

Gelowige Doop (grootdoop) is die Bybelse een.
Om dít te verduidelik, sal ons ‘n keuse moet maak tussen twee strategieë:
1. Die leerstellige roete.
2. Die simboliese roete.

1. Die leerstellige roete:
Dís die pad wat in Kweek- en Bybelskole gevolg word.
Dis ook die pad waarop daar in die verlede al miljuisende kere in debat heen en weer tougetrek is – en nie een van die kampe kon oortuig nie. En ná etlike eeue se debat, dink ek, het ons al AL die leerstellige argumente gehoor. Dit wil voorkom asof die leerstellige pad gewoon nie oor die vermoë beskik om te oortuig nie – wat nog te sê van sondebesef bring.
Ons sal nie jou tyd hiermee mors nie.

2. Die simboliese roete:
Ondervinding het my geleer dat hierdie pad, van alle paaie, die Bybelse uitkoms verreweg die helderste laat blyk.
Ons sal hierdie roete ondersoek:
Ten einde die strategie te begryp waarmee ons die doop-kwessie wil aanpak, moet ons die volgende verstaan:

Die ganse **Kinderdoop**-doktrine staan volledig op slegs één leerstellige pilaar:
Dat die doop ‘n seël is van die Abrahamitiese Verbond.
Ter wille van bondigheid sal ons nie hier probeer verduidelik HOEKOM dit so is nie. Ons sal volstaan deur te sê dat enigiemand wat in die Abrahamitiese Verbond (die verbond wat God met Abraham gesluit het – Gen. 15; 17) ingesluit is, gered is. Dís Verbondsteologie.

Dus: As ons kan bewys dat die doop NIE ‘n seël van ENIGE verbond is nie, sal dit beteken dat die ganse Kinderdoop-doktrine op homself inplof.
Gereed?
Hier gaan ons:

Kom ons beskou die belangrike verbonde in die Skrif:
1. God se Huweliksverbond. Gen. 2:24.
2. God se verbond met Noag. Gen. 8:20 – 21; 9:12 – 16.
3. God se verbond(e) met Abraham (die “ou” verbond). Gen. 15; 17.
4. Die Heilige Nagmaal (die “nuwe” verbond). Jer. 31:33; Mat. 26:26 – 28.

AL hierdie verbonde is beseël met BLOED en VLEES:
1. In die Huweliksverbond word man en vrou EEN VLEES. Tydens die voltrekking van die huweliksverbond bloei die vrou as haar man se vlees haar liggaam die eerste maal penetreer.
2. Toe God sy verbond met Noag gesluit het, het Noag rein diere geoffer. Bloed en vlees.

3. Toe God sy verbond met Abram gesluit het, moes Abram ‘n dier in twee sny. Bloed en vlees. En God se verbond met Abraham het beteken dat Abraham besny moes word. Bloed en vlees.
4. As Jesus die Nagmaal instel, vier Hy God se nuwe verbond met ons met brood (simbool van vlees) en wyn (simbool van bloed).

Ons sien dus dat God, wanneer Hy ‘n verbond sluit, dit verseël met BLOED en VLEES.
(Die enigste uitsondering is die sg. SOUTverbond – wat op gans ander dinge betrekking het. Ons sal nie in die bestek van hierdie artikel daarop ingaan nie).

Die belangrike saak wat ons hier moet oplet, is:
DAAR IS **NIE EEN** VOORBEELD IN DIE BYBEL WAAR GOD ‘N VERBOND MET **WATER** SLUIT NIE!

Gevolglik maak die Skrif dit glashelder duidelik:
GOD BESKOU NIE DIE **DOOP** AS DIE SEëL VAN ENIGE **VERBOND** NIE!
Dis die doop**water** wat hierdie leuen aan die kaak stel!

En dis presies op hierdie punt waar die Kinderdoop-doktrine op homself inplof. Dit val gewoon uitmekaar. Disintegreer.
Die doop is nie die SEël van enige verbond nie. Dit speel veel eerder eintlik ‘n soortgelyke rol as Noag se vloed, of die Rooi See. Meer hieroor later.

Die enigste Bybelse doop is Gelowige Doop (grootdoop).
Dit word bedien aan GELOWIGES – maak nie saak hoe oud hulle is nie, maar definitief nie babas nie. Babas kan nie glo nie.
Gelowige Doop is doop dmv onderdompeling, nie dmv besprinkeling nie. En dis nie ‘n blote tegniese punt nie. Daar is ‘n goeie rede daarvoor.

5. So, is alle Verbondsteologie dan totaal verkeerd?

Nee.
Die Bybel is vol verbonde. God is ‘n Verbondsgod. Maar die doop speel geen rol hierin nie.

6. So – as die doop dan nie ‘n verbond verteenwoordig nie, wat IS dit dan?

Die doop is ‘n teken van (Kol. 2: 12):
1. Sterwe saam met Christus (Kol. 2:20). Onderdompeling in die watergraf simboliseer dood en begrafnis. Rom. 6:3 – 4; Mark. 10:38.
2. Opstanding saam met Christus (Kol. 3:1). Die opkom uit die watergraf simboliseer nuwe lewe (geboorte) of opstanding. Joh. 3:5.

Hierdie is die kernrede waarom die doop slegs aan gelowiges bedien moet word, en nie aan babas nie. Dis ook die hoofrede vir onderdompeling. Besprinkeling kan kwalik ‘n graf simboliseer!

7. Nou waarom vergelyk die Nuwe Testament dan die doop met Noag se vloed en die Rooi See? (1 Pet. 3:20 – 21; 1 Kor. 10:2).

Omdat Noag se vloed die voorvloedse sondes uitgewis het. Dit was God se finale oordeel oor sonde.
Omdat die Rooi See die slawemeesters (Egiptenare) **uitgewis het** toe hulle die Israeliete agternagesit het. Dit was God se finale oordeel oor die slawehuis.

Net so simboliseer die doop die uitwissing van ‘n persoon se ou, sondige lewe. Dit simboliseer God se finale oordeel oor die individu se sonde, of sy slawehuis.

8. Nou waar raak Verbondsteologie dan die spoor byster?

Verbondsteologie verwar die Doop met die Nagmaal.
Die teken van die Nuwe Verbond (Jer. 31:33) is die nagmaal (Mat. 26:26 – 28). Bloed en Vlees.

Die inhoud van die Nuwe Verbond is oa dat God sy wet op ons innerlike vlees (of die vleestafels van ons harte) sal skryf. (2 Kor. 3:3) Dit word verseël deur die Heilige Nagmaal (Bloed en Vlees).
Verbondsteologie sê dat besnydenis (die seël van die Ou Verbond) vervang is deur die doop (en maak só die Doop die seël van die Nuwe Verbond – ipv die Nagmaal). En so, eienaardig genoeg, het Verbondsteologie TWEE seëls vir die Nuwe Verbond ipv EEN: die Doop en die Nagmaal.

9. So, as die Doop dan nie die besnydenis vervang het nie, waarom besny ons dan nie meer seuntjiebabas nie?

Die besnydenis is nog nooit deur enigiets anders vervang nie. Besnydenis is springlewendig!
Die enigste aspek van besnydenis wat verander het tussen die Ou en die Nuwe Verbond, is dat benydenis van die voorhuid vervang is deur besnydenis van die innerlike vlees (soms die hart genoem). Deut. 10:16; 30:6; Jer. 4:4; Rom. 2:29.

10. Hoe is dit moontlik om iemand se HART te besny?

God noem die proses waardeur Hy sy wet op iemand se innerlike vlees skrywe “besnydenis van die hart”. Kol. 2:11; 2 Kor. 3:3.
In die wetenskaplike wêreld is daar aanduidings dat hierdie “skrywery” van God se wet op die vleestafels van ‘n gelowige se hart heel

waarskynlik ‘n herkodering van sy “junk” DNS behels – die nie-genetiese gedeelte van die DNS-heliks. Wat waarskynlik aanleiding gee tot ‘n radikale verandering in gedrag.

11. WANNEER vind hierdie “skrywery” plaas?

Die Skrif is hieroor ondubbelsinnig duidelik (Kol. 2:11 – 12):

Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny,
nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie,
maar met die besnydenis deur Christus,
en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens.
*Dit het by **die doop** gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is.*

Hierdie is die enigste punt waar die Nuwe Verbond en die Doop mekaar direk ontmoet.
Die besnydenis is nooit deur enigiets anders vervang nie. Dis springlewendig. Besnydenis van die hart, tot vandag toe nog, vind TYDENS DIE (gelowige) DOOP plaas.
TYDENS DIE DOOP skryf God, deur sy Heilige Gees, nav ‘n persoon se geloof, sy wet op ons innerlike vlees – heel waarskynlik op ons DNS.
Wat ‘n radikale verandering in gedrag tot gevolg het – gedrag in ooreenstemming met God se wet! Prys die Here!

12. So as iemand nog nooit as gelowige gedoop is nie – wat is die gevolge?

Simbolies gestel:
Hy mag dalk aan Noag se tyd ontsnap het, maar vir hom lewe die reuse nog.
Hy mag dalk Egipte verlaat het, maar Farao is nog op sy hakke.
Hy het dalk vir Jesus aangeneem, maar veg steeds ‘n verlore stryd teen sonde.

Hy het dalk die reuse oorleef, maar is nooit in die nuwe wêreld ná die vloed gebore nie.
Hy het dalk Egipte verlaat, maar nog nooit vir Kanaan in besit geneem nie.
Hy het dalk sy ou lewe agtergelaat, maar is nooit wedergebore in ‘n nuwe lewe nie.

- maw: Hy bly vir jou aardse lewe ewig 'n vlugteling in die woestyn, met Farao wat hom jaag. Hy trek doelloos rond, en leef van manna en kwartels.

13. Wat staan so iemand te doen?

1. Laat jouself as ‘n gelowige doop deur onderdompeling!
2. Verloën jou Kinderdoop in die Naam van Jesus!

14. Hoekom moet ek my Kinderdoop verloën?

Dit is BAIE belangrik!
Alhoewel die Kinderdoop se waterritueel nie ‘n Bybelse verbond verteenwoordig nie, verteenwoordig dit wel ‘n okkultiese verbond.
Terwyl Bybelse verbonde nooit met water beseël word nie, sluit okkultiste heel dikwels verbonde met water!

‘n Verbond bring DIE STERKSTE denkbare geestelike verbintenis tussen enige twee partye tot stand. Dit kan beskou word as ‘n geestelike kontrak.
Gevolglik:
As jy as baba gedoop is, en ook die Nagmaal gebruik, beteken dit dat jy nie net ‘n geestelike kontrak met Jesus Christus gesluit het nie, maar ook ‘n ander kontrak met een of ander demoniese entiteit. Presies watter demoniese entiteit dit is, sal afhang van die denominasie wat jou gedoop het. Navorsing toon egter aan dat dit in die meeste gevalle die Hemelkoningin is, ook bekend as die Hoer van Babilon of die Vrou wat op die Dier ry (sien my DVD-reeks oor die Hemelkoningin).
Jy moet jouself so spoedig moontlik uit hierdie kontrak uitkry! Of die gevolge aanhou dra.

15. Hoe kom ek los van ‘n geestelike kontrak wat my ouers namens my gesluit het?

Moenie jou ouers verwyt nie. Vergewe hulle. Hulle het dit goed bedoel, al was dit uit onkunde.

Daar bestaan ‘n paar wyses om uit ‘n wettige kontrak los te kom:
1. Albei partye wil dalk loskom. As hulle daaroor saamstem, kan hulle albei kopieë van die kontrak opskeur, en die hele affêre vergeet.
2. Die party wat wil loskom, kan by die ander party gaan pleit om hom van sy verpligtinge te verlos.
3. Die party wat wil loskom, het dalk ‘n ryk vriend wat hom uit die kontrak kan uitkoop.
4. Die party wat wil loskom, kan sterf.

Opsies 1 en 2 sal in hierdie geval nie werk nie. Geen demoniese entiteit sal willens en wetens sy regte tot ‘n mensesiel prysgee nie.
Opsie 3 kan werk. Ons het ‘n ryk vriend in Jesus. En Hy het betaal vir al ons foute. Ons kan Hom vra om ons los te koop uit die kontrak!
Opsie 4 kan ook werk. As die baba met wie die kontrak gesluit is saam met Jesus Christus sterf, en saam met Hom in die doop begrawe word, is hy los van sy verpligtinge!

16. Hoe doen ‘n mens dit?

Nadat jy jouself deur onderdompeling as gelowige laat doop het, bid die volgende:
Here Jesus, ek bely my ouers se onkunde wat my as baba deur besprinkeling laat doop het. Ek besef nou dat dit vir U 'n gruwelike sonde was, en dat my Kinderdoop 'n geestelike verbond tussen my en 'n demoniese godheid tot stand gebring het. Vergewe my asseblief.
Here Jesus, ek aanvaar U vergifnis, want die Skrif sê dat as ons ons sonde bely, U ons sal vergewe. (1 Joh. 1:9).
Daarom verklaar ek nou dat ek saam met Christus gesterf het in die doopwater. Dus verklaar ek my verbond en geestelike kontrak met enige demoniese godheid van nul en gener waarde, en verloën dit in sy geheel. Ek gee alles terug wat ek ooit van hierdie entiteit ontvang het, en verklaar dat ek in alle ewigheid nooit weer enigiets van hom wil hê nie.
Hiermee verklaar ek dus 'n geestelike egskeiding tussen myself en hierdie entiteit – vir alle tyd en ewigheid, in Jesus Naam.
Here Jesus, ek bid dat U hierdie gebed en verklaring met U Bloed sal verseël.
Amen.

17. Wat staan my te doen ek as ek alreeds my kinders as babas laat doop het? Kan ek hierdie gebed namens hulle bid?

As hulle nog geestelike minderjariges is (12 jaar of jonger), en jy hul geestelike voog is, kan jy dit gerus namens hulle bid. Bely ook jou sonde van onkunde toe jy hulle laat doop het.
As hulle ouer is as 12, is hulle voor God verantwoordelik vir hul eie geestelike sake. Dan moet hulle self die besluit neem, en self die gebed bid.

18. Waar het heidene oorspronklik aan die idee gekom om babas te doop?

Die antwoord lê baie ver terug in tyd – tot by die vierde generasie ná Noag se vloed!
Navorsing wys op die volgende:
Noag se agterkleinseun Nimrod was 'n goddelose man. Hy het die stad Babilon gebou en 'n godsdienstige stelsel ontwerp wat sy volgelinge van God vervreem het. Hierdie godsdienstige stelsel het bekend gestaan as "Die Geheimenisse", en word tot vandag toe deur heidene beoefen.

Ná Nimrod het die Geheimenisse met verloop van tyd verder ontwikkel. In hierdie godsdienstige stelsel was "suiwering dmv vuur" een van die maniere waarop mense van hul sonde ontslae probeer raak het.
Dan het hulle 'n vuur gemaak wat hoog vlam, en herhaaldelik heen en weer deur die vlamme gespring. Hulle het geglo dat die vuur hulle sondes "wegbrand" elke keer as hulle deur die vlamme spring.
En met verloop van tyd het hulle natuurlik besef dat, hoe vroeër in sy lewe 'n persoon hierdie "suiwering" ondergaan, hoe beter.
En so het hulle dit dan met babas begin doen: So gou as wat 'n baba se fisieke liggaampie die rowwe hantering kon verduur, het hulle hom styf in doeke toegedraai – amper soos 'n rugbybal. Dan het twee volwassenes weerskante van 'n hoog-vlammende vuur gaan staan en die baba herhaaldelik deur die vlamme vir mekaar gegooi en gevang.
Dit is waarna "deur die vuur gaan vir Molek" verwys (2 Kon. 16:3; 23:10; 2 Kron. 33:6; Eseg. 16:21).
Op verskillende stadiums in die geskiedenis is hierdie praktyk deur Godvresende heersers onwettig verklaar – wat veroorsaak het dat beoefenaars van die Geheimenisse oorgeskakel het vanaf vuur (as suiweringsagent) na water (wat ook 'n welbekende suiweringsagent is).
En voilá! ons het Kinderdoop – deur besprinkeling.
(Sien *Die Twee Babilons* deur Rev. Alexander Hislop - verkrygbaar vanaf Trumpet Call)